

BEROEPENUUS– (21 Julie 2013)**Beroepe bedank**

Ds. C Jooste van Wonderboompoort na Koster
 Ds. CB Robinson van Rustenburg na Bloemfontein-Suidheuwels
 Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Durban/Amanzimtoti-kombinasie

Ds. CJM (Fires) van Vuuren emeritus-predikant van Bethal is op 17 Jul in Pretoria oorlede. Begrafnis het Vrydag plaasgevind. Sy familie en geliefdes word die troos van die Heilige Gees toegebied

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U – JA Breytenbach

Ons loop hulle byna daaglik raak. Mense wat teleurgesteld is met die kerk. Mense wat gekwel is oor die rigting wat "hulle" kerk inslaan. Mense wat nog wil vashou aan die gereformeerde belydenisskrifte, en (tereg) die Belydenis van Belhar afwys, omdat dit afwyk van die Skrif. Ons praat soms van "ons" kerk en "julle" kerk. Is dit reg? Dit hang af van wat jou belydenis vir jou werd is. Die vraag is eerder: wat bely ons van die kerk? Ja ons bely elke Sondag:... ek glo in 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges... Nog breedvoeriger bely die kerk dit in die Nederlandse Geloofsbelijdenis, art. 27-32, en die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21. Watter kerk bely ons? Is dit 'n kerk wat onsigbaar is en wat binne in die instituut (die uiterlike organisasie) voorkom? Of is dit die Bybelse ideaal, waaraan daarin die gemeente hier en daar iets van te bespeur is? Of staan ons belydenis los van ons kerkwees? Nee. Die kerk wat ons bely, die kerk van Christus, is Christus se werk. Wie dit miskyk, sal die kerk beskou as 'n instelling van gelykgesindes waarvan jy volgens keuse lid is. In die Bybel word vir ons met verskillende beelde die werk van Christus in sy kerk beskryf. Om een voorbeeld te noem: Christus is herder en die kerk is sy kudde. Hy maak sy skape bymekaar, Hy versorg hulle, Hy beskerm hulle. Hulle luister na hul Herder se stem en hulle volg Hom (Joh. 10). Hulle hoor die Woord en neem dit aan. Hulle leef uit die beloftes wat in die verkondiging van die Woord en die suiwer bediening van die sakramente na hulle kom. Die kerk is Christus se werk om te roep en te trek en die kerk is die gelowiges wat hulle gehoorsaam deur Christus laat vergader. Die Here gee aan die gelowiges dieselfde beloftes wat Hy aan Abraham gegee het, hulle is deur die aanneem van God se beloftes nageslag van Abraham en met hulle kinders is hulle verbondsvolk van die Here (Gen. 17).

Word vervolg

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

21/07– Jeanne du Plessis 0829310393	23/07– Emalda Kilian 0725116418
22/07– Susan Nienaber 0848808820	27/07– Loriaan Olivier 0828229430
22/07– Rina Venter 0727736938	27/07–Chantelle Plomp 0747158341
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Bate geluk m met u verjaarsdag

Dié één dwarstrekker maak die hele res van die span moeg, maar nie so moeg as homself nie –CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

**www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks:0123265287

Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

21 Julie 2013

**EERSTE EREDIENS–(9h00)**

Skriflesing: Mattheus 27:1-10;

Handelinge 1:15-26

Teks: Mattheus 27:3-5,7;

Handelinge 1:18

Sing: Ps. 18:1,2; Ps. 19:7; Ps. 88:1,2,4;
Ps. 145:1,2,3

**GROND-PROFESIE OF
GROND-PROTES**

Ons kyk na gebeure en verskille rondom Akeldama– Bloedgrond.

1. Judas wat die geld neergooi.
2. 'n Verskriklike grond-transaksie
3. Kerkhof-profesie teenoor kerkhof-protes

KATKISASIE– Katkisasie begin vandag weer vir die nuwe kwartaal.

TWEDE EREDIENS– (ná katkisasie)

Skriflesing: Mattheus 7:21-23;

Efesiërs 1:4

Dordtse Leerreëls : Hoofstuk 5

Paragraaf 12-14

Sing: Ps. 119:9; Ps. 38:8; Ps. 119:38

**SEKERHEID EN
SORGeloosheid**

Dit is totaal onmoontlik dat 'n gelowige sorgeloos en traak-my-nie-agtig kan word as gevolg van die sekerheid van die volharding as gelowige.

Ek kan dus nooit redeneer: "ek is gered, ek kan nou doen wat ek wil nie." Wie so redeneer wys dat hy nie 'n ware gelowige is nie.

As God 'n goeie werk in iemand begin het, sal Hy die persoon nie aan allerlei sondes oorgee nie. Die sonde sal oor hom nie heers nie (Rom 6:14).

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 23 en 24
Ouderlinge: Johan de Jonge
Diakens: Johan du Plooy

Volgende Sondag– Wyke 25 en 1

Ouderlinge: Willie J/van Rensburg en Deon Vosloo
Diakens: Marinus Lorist en Chris Putter

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Piet van der Kooi wie se gesondheid heeltyd ernstige kommer wek word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegebid, in die toetse en behandeling wat hy ontvang. **Br Jan Fanoy** moet DV op 20 Aug. 'n operasie ontvang om baie vroeë kwaadaardigheid te verwyder. Ons dink aan hom en gesin en bid dat die Here hom hierdeur sal dra. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig – kliniek. Ons dink ook aan haar.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLITik>
Facebook is [on.fb.me/14sXfbm](https://www.facebook.com/on.fb.me/14sXfbm)

SUSTERS-BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

As daar nog van ons lidmate 70 jaar en ouer nie hulle beskuit-pakkies afgehaal het nie, kan u dit in die kombuis kry.

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband sy R50 000 kerf bereik. Ons poog om 'n verdere R80 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië 'n geskikte voertuig te verkry. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY>

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Instand-houding
28/06/2013 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Instand-Houding
2de diens	DVB	Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
22/07	Vergd Deputate Ekumenisiteit
04/08	Diakonie-vergd
15/08	Oudl-vergd
17/08	65+ Funksie Algemene sustersvergd
18/08	Vorbereiding
25/08	Nagmaal en Nabetraging
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/08	Gemeentekamp

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 5:5

5:5. Die saligsprekinge is soos pèrels, in 'n string ingerig. Die armes van gees is God se kinders. Hulle is daarom ook die treurendes. Vandaaruit is hulle ook sagmoedig

1.Wie is die sagmoediges ?

Ons vertaling gee nie die hele betekenis weer, van wat in Engels met “meek” vertaal is nie. Dit is 'n verhouding tot God, wat ook na vore kom in die verhouding tot die naaste. Die gelowige dra hierdie eienskap diep in sy hart. Ons moet Christus navor, wat sagmoedig en nederig van hart is (Matt 11:29). BVA sê dat dit ingetoë, selfbeheerste mense is, “wat uiterlike aansien versmaai om vir God te kan lewe (1 Petr 3:4; 1 Kor 4:21). Hiermee word nie bedoel dat hulle mense is wat maar net altyd toegee en nooit 'n harde woord sal spreek [wanneer dit nodig is] nie. Hulle is nie vormloos nie. [Kyk maar hoe God bestraf, hoe Christus, Johannes die Doper en later die Apostels vir die Fariseërs en ander vasvat.]

Hulle is nie swakkeling nie. In Amos 2:7 word die woord gebruik vir die verdruktes in die volk; Jes 61:1 – die verdrukke ballinge; Ps 37:1; Jes 57:13; 60:21 – die Kerk op aarde. In sy grond: die **neergebuigdes**. “Ootmoedig” word soms daarvoor gebruik. Sag van gemoed.

Hulle is dit nie net uitwendig nie. Inwendig word hulle deur die Heilige Gees so omvorm. Ons word neergebuig, gevorm en toeberei in diens van God. Sagmoedigheid is dus 'n **krag** wat ontvang word waardeur hoogmoed en die teenstribbelende “eie ek” weg-geskuif word in God se diens.

So is Christus sagmoedig en nederig van hart (Matt 11:29), maar Hy spreek tog 'n vloek uit : “Wee julle !”

Die sagmoediges kan baie beslis “ja” of “nee” sê, omdat hulle wil na God se gebuig is: “Laat U wil geskied.” Die stryd teen die boosheid word gestry. Deur die geloof kan dit, want ons is in Christus ingelyf deur die Gees (Kategorismus). Dit is “deel kry aan die nuwe kraglewe van Christus.” Die Sondagsdelings van die H.Kategorismus kom ooreen met die eerste drie saligsprekinge: Kennis van ellende, verlossing en dankbaarheid.

Die leeftyd van jeugdige krag moet deur die regte fundamente gevorm word, vir die toekoms.

2.Die aarde beërwe.

In die jeug is die gemoed baie beweeglik. Hulle

kan treur, maar beur weer maklik op in ideale en “hooggespanne verwagting.” Die jeug wil die aarde sien en onderwerp. In die geskiedenis het jong mense se optrede soms groot beweging gebring . . . “As die jeugtyd goed gebruik word, het dit ontsaglike betekenis vir die Koninkryk van God.” Heilige ideale moet kom deur liefde tot Christus. Ook deur die hele Ou Testament hoor mens altyd die troos.

Net jammer dat soveel Christene hulle krag in vergeesteliking soek: die siel word beklemtoon, en nie die liggaamlike daarby nie. Die hemel vul die gedagtes, maar die nuwe aarde word verswyg. “Die saligheid word so vervlugtig, dat daar nog maar min houvas aan is. Die mens wil wyser wees as God, maar hy berokken homself daardeur groot skade.” [Totius het in sy doktorsgraad en deur sy hele lewe voortdurend gewys op die oppervlakkigheid van wat vandag die sogenaamde “charismatiese” bewegings genoem word.] Dan word belydenis sonder siel en gloed.

Gee dus aandag aan die opstanding en die vernut word op die nuwe aarde ! Die saligheid lê nie in 'n ryk van newels, skimme en onvastighede nie. “Wat word dan van die prikkel om verder te gaan ?”

Daar is nog 'n verskil om op te wys. Aardse ideale kom langs die weg van geweld en hardheid van die wêreldheersers. Hulle ken nie die sagmoedigheid en onderwerping aan God se wil nie. Daarom sal die sagmoediges die aarde erf. Vir hulle is God alles.

Christus het die verlossing bewerk langs die weg van gehoorsaamheid, buigzaamheid en die kruis, volgens die wil van die Vader. Daarom word die eindes van die aarde Sy besitting (Ps 2:8).

Die luisteraars kon maklik meen dat Jesus sê dat Israel weer in hulle eie land, of selfs oor die hele aarde, sal heers. Die nuwe aarde word egter bedoel (Jes 11:1-9; Openb 21:1). Ps 37:11 sê: “Die ootmoediges . . . sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede.” Jes 65:17 en Openb 5:10 voorspel dit ook. Nie net die siel nie – ook die liggaam daarmee saam, sal die geseënde aarde erf.

“Laat ons dan die sagmoedigheid liefhê”, wat groei uit die armte van gees en die treur. Dan is dit “die edele blom wat voortkom uit die as van selfliefde, uit die graf van eiedunk en selfverheffing. Dan sal ons die nuwe aarde , sonder verdrukking, beërwe. Amen. Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Jul 1953– JD du Toit (Totius oorlede); 2 Jul 1967– Skrywer Boerneef oorlede; 1 Jul 1872– Pres Burgers as president van ZAR ingesweer; 5 Jul 1840– ds. Dirk Postma in sy eerste gemeente, Minnertsgea in Friesland bevestig; 6 Jul 1373 Vroeëre kerkhervormer Johannes Huss gebore; 8 Jul 1858– Dirk Postma kom in Suid-Afrika aan; 7 Jul 1415– Johannes Huss op brandstapel verbrand; 8 Jul 1866– Dirk Postma neem afskeid van kerke in die ZAR; 10 Jul 1509– Johannes Calvyn gebore; 14 Jul 1904– Pres Paul Kruger oorlede; 14 Jul 1888– Pres Brand van die OVS oorlede ; 17 Jul 1840– Ds. Dirk Postma die eerste keur getroud met Marijke Boukes; 18 Jul 1870– Roomse pous as onfeilbaar verklaar; 23 Jul 1853– Genl. AWJ Pretorius oorlede ; 26 Jul 1804– Kerkorde De Mist ingevoer